

Hoe
GOD
Jou Huwelik
Sal
Herstel

Daar is Genesing Na Gebroke Geloftes!

‘n Boek vir MANS

Erin Thiele



NarrowRoad Publishing House

Hoe GOD Jou Huwelik Sal Herstel

Daar is Genesing Na Gebroke Geloftes

Deur Erin Thiele



Gepubliseer deur:
NarrowRoad Publishing House
POB 830
Ozark, MO 65721 U.S.A.

Die materiaal van Restore Ministries was geskryf vir die enigste doel om vrouens en mans aan te moedig. Vir meer inligting, besoek ons by:

EncouragingMen.org
RestoreMinistries.net

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie boek mag herproduseer of oorgedra word of in enige vorm of op enige manier, elektronies of meganies, insluitende fotokopiëring, opname, of deur enige informasie berging en herwinning sisteem sonder geskrewe toestemming van die skrywer, behalwe vir die insluiting van brief aanhalings in a revue.

Tensy andersins aangedui, word meeste van Die Skrifverseë uit die Afr 83 Afrikaans 83 uitgawe geneem. Ons bediening is nie ten gunste van enige spesifieke weergawe van die Bybel nie, maar hou van hulle almal vir die doel om almal in elke denominasie te help.

Kopiereg © 2023 Deur Erin Thiele

ISBN: 1-957684-03-8

ISBN 13: 978-1-957684-03-1

Inhoud

1. Vrede van God	4
2. Ons is die klei.....	27
3. Jy moet geloof in God hê	33
4. Die toets van jou geloof.....	39
5. Jou eerste liefde.....	50
6. Die kwaai man.....	61
7. Dolksteke.....	77
8. Het jy verraderlik opgetree?.....	89
9. Geseënd is die sagmoediges.....	105
10. Begeertes van jou hart.....	114
11. En hulle sal een word	120
12. Bid van God	127
13. He lei my	134
14. Wie is sonder sonde?.....	141
15. Hy gee ons die sleutels.....	147
16. Ek het vir 'n man gesoek.....	156
17. Vensters van die hemel oopmaak.....	161
Oor die Skrywer	177

— Hoofstuk 1 —

Vrede van God

*Aan almal in Rome vir wie God liefhet
en wat Hy geroep het om aan Hom te behoort.
Genade en vrede vir julle van God ons Vader
en die Here Jesus Christus!
Romeine 1:7*

Liewe Beminde Broer in Christus,

Dit is nie per toeval dat jy hierdie boek in jou hande vashou nie; dit is deur Goddelike Voorsienigheid, God het jou roep om hulp gehoor en Hy het gekom om jou te red. Die bladsye wat volg sal jou lei wanneer ander vir jou vertel dat jou situasie hopeloos is.

Wat Hy jou vra om te doen sal nie maklik wees nie, maar as jy ‘n wonderwerk in jou lewe wil hê, kan dit gebeur. As jy ‘n getuigenis van die getrouheid van God wil hê om met ander te deel, sal dit gebeur. As jy regtig wil hê dat God ‘n huwelik wat hopeloos is moet herstel, lees dan aan. God sal jou huwelik herstel soos wat Hy myne gedoen het.

Die Bybel sê “Die Here het sy oë oral op die aarde sodat Hy dié kan help wat met hulle hele hart op Hom vertrou.” 2 Kron. 16:9. Hy het vir jou gesoek, om jou te help. Is jy gereed?

Jy sal ywerige gehoorsaamheid nodig hê. “Gaan deur die nou poort in. Die poort wat na die verderf lei, is wyd en die pad daarheen breed, en dié wat daardeur ingaan, is baie. Maar die poort wat na die lewe lei, is nou en die pad daarheen smal, en dié wat dit kry, is min.” Matt. 7:15. Dit is jou keuse of jy Sy nou pad gaan volg of terugdraai.

Dit is die tyd om te kies. “Ek roep vandag die hemel en die aarde tot getuie teen julle dat ek die lewe en die dood aan jou voorgehou het, die seën en die straf. Kies die lewe, sodat jy en jou nageslag kan lewe. Om die Here jou God lief te hê, Hom te gehoorsaam en Hom aan te hang, sal vir jou lewe gee en jou lank laat woon in die land wat die Here met ‘n eed aan jou voorvaders Abraham, Isak en Jakob beloof het om aan hulle te gee.” Deut. 30:19-20.

As jy nog steeds lees en nie hierdie boek weggegooi het nie, dan het jy gekies om aan te gaan. Ons verheug met jou as ons dink aan die glorieryke opstanding van jou huwelik en familie wat jou afwag. Ons bid seëninge op ieder en elkeen van julle. Ons glorie dat een dag ons aan hierdie kant of die ander kant van die “hemel” sal ontmoet waar daar nie meer trane of pyn is nie.

Liewe broer in Christus Jesus, God sal jou huwelik herstel jy het **Sy** Woord daarop. “Daarop antwoord Jesus hulle: “Dit verseker Ek julle: As julle geloof het en nie twyfel nie, sal julle kan doen wat Ek aan die vyeboom gedoen het. Meer nog: Julle sal vir hierdie berg kan sê: ‘Lig jou op en val in die see!’ en dit sal gebeur.” Matt. 21:21.

Aangesien jy hierdie boek lees, neem ons aan dat jy in ‘n krisis is in jou lewe as gevolg van jou huwelik is. Het jou vrou jou verlaat? Het jy haar verlaat of jou vrou gevra om te gaan? Dalk het jy hierdie boek gekry voordat enige een van julle hierdie drastiese stap van vertrek geneem het. Selfs as daar oor egskeiding gepraat is gedurende ‘n argument, of egskeidings papiere ingedien is, of ‘n egskeiding deur gegaan het, moet jy glo dat “Ons weet dat God alles ten goede (**kan**) laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens **Sy besluit** geroep is.” Rom 8:28.

Soos wat jy deur persoonlike beproewings in jou ongeruste huwelik gaan, as jy regtig wil hê dat dinge ten goede vir jou uitwerk, moet jy eerste vir God lief hê en regtig **Sy** doel vir jou lewe wil hê.

Reg nou is Sy doel vir jou om nader aan Hom te kom, om jou meer nader in Sy beeld te hervorm. En hou moed, God het gesê, “Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.” Hebr. 13:5. God het nie jou sy verlaat nie: “Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want *U is by my*. In u hande is ek veilig.” Psalms 23:4.

Ek is seker dat die “donker dieptes” beskryf hoe jy voel oor jou situasie, maar God het dit ten **goede** vir *jou* toegelaat.

Net daarna sal jy voortsyn as goud “Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle ‘n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerande beproewings sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, end egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus.” 1 Pet. 1:6-7.

Die mees belangrikste ding vir jou om nou te doen is “bedaar en erken dat Ek God is.” Ps. 46:11. (Dit word meer gedek in die mans se **Hou Moed** reeks.) Volg dan God se pad. Maak seker dat alles wat jy doen of sê Die Skrif volg; wees seker dat dit konstant die Bybel volg.

God het geen begeerte vir jou huwelik om verby te wees nie. Onthou dat Jesus Homself gesê het, “daarom sal ‘n man sy vader en moeder verlaat en saam sy vrou lewe en hulle twee sal een wees.’ Hulle is dus nie meer twee nie, maar een. Wat God dan saamgevoeg het, mag ‘n mens nie skei nie.” Matt. 19:5. Ook, “‘Die Here’ die God van Israel sê Hy haat egskeiding. ‘Beheers julle, moenie ontrou wees nie.’” Mal. 2:16.

Satan is die een wat jou huwelik vernietig wil hê, nie die Here nie, nie God nie. Onthou dat “‘n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed.” Johannes 10:10. Moet nie die duiwel se leuns glo nie maar “neem **elke** gedagte gevangene.” 2 Kor. 10:5.

Moet hom nie toelaat om jou vrou te steel nie. Moet hom nie toelaat om jou familie te vernietig nie, jou lewe, en jou kinders en jou toekoms te steel nie. Glo my en glo ander wat jou uit ondervinding kan vertel dat egskeiding jou kinders sal vernietig en jou kinders sowel as jou eie toekoms steel.

Volg God se weë eerder om ware vrede ten midde van jou krisis te vind. “Berge kan padgee, heuwels kan wankel, maar my liefde vir jou sal nooit verdwyn nie, my vredebond met jou sal nooit wankel nie, sê die HERE, wat jou liefhet.” Jesaja 54:10.

Stort jou oor die Bybel, laat Hom jou “met die water en die woord reinig.” Efe. 5:26. Bid en glo wat Die Skrif sê, nie wat jy sien nie: “Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons **nie sien** nie.” Hebr. 11:1. “As ‘n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil.” Hebr. 11:6.

Niemand maar God weet presies waardeur jy gaan nie of die antwoorde wat jy nou nodig het. As jy bid (praat eenvoudig met God) en luister na Hom (lees Sy Woord, die Bybel), Hy kan jou tot die oorwinning lei wat Hy vir jou het. Moet nie kies om te volg wat ander mag sê, die van die wêreld nie, vriende in die kerk, pastore, of enige berader wat jou iets vertel wat hy of sy geles het. As jy bid en God se Woord lees, God sal eerste met jou praat, in jou hart of gedurende jou Bybel lees; dan sal iemand die rigting waarin **Hy** jou lei bevestig, wat konsekwent met Sy Woord sal wees!

Te veel mense, Christen of nie, vertel jou dinge wat goed klink en goed voel in die vlees. Maar as dit nie Die Skrif volg nie, **is dit verkeerd!** Jy sal op sinkende sand loop. “Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van die goddeloses volg nie.” Ps. 1:1. Wanneer dit God is, klink dit gewoonlik gek (soos om te glo vir jou huwelik wanneer ander sê “gaan uit”!) en dit het altyd die hulp van die heilige Gees nodig om dit uit te voer.

Moet nie impulsief optree of te gou wees om te beweeg nie. God sê gewoonlik, “Wag!” Baie keer deur die wag, verander Hy die situasie. God sê dat Hy is die “Wonderbare Raadsman”. Jesaja 9:5. Wil jy nie die beste hê nie? Sou jy nie ‘n raadsman wil hê wat die toekoms ken nie? Een wat die hart van jou vrou kan draai? Daar is net Een wie jou die regte rigting kan aanwys. Vertrou op Hom en Hom alleen! Daar is eintlik MEER gebroke huwelike in die kerk as wat daar in die wêreld is, so moet nie enige Christen volg nie, Christen berader, of pastoor wie die wêreld se advies gee in plaas van God sin.

Droewig, Christen huweliks beraders vernietig te veel Christen huwelike. Hulle kry jou en jou vrou om oor die verlede te praat en om dinge te sê wat nooit gesê behoort te word nie. Wreede verklarings is die leuns van die duiwel of vleeslike gevoelens. Dan nadat die berader luister na wat hy/sy jou aangehits het om te sê, dan sal hy/sy vir jou vertel dat jou situasie hopeloos is!

As iemand (insluitend jou gade) vir jou gesê het dat jou situasie hopeloos is, begin dan om die Here te loof. Hopelose situasies is presies waar die Here kies om jou Sy krag te wys! “Vir mense is dit onmoontlik, maar **vir God** is ALLES moontlik!” Matt. 19:26.

Werk saam God. En moet nie glo dat sonder jou vrou se hulp of samewerking dat jou huwelik nie gered of verbeter ssal word nie. Ons bediening was gevestig deur en vir die wie die enigste vennoot is wat huweliks herstel nastreef! Al wat nodig is is jou hart en die Here se krag. “Die Here het sy oë oral op die aarde sodat Hy dié kan help wat met hulle hele hart op Hom vertrou.” 2 Kro. 16:9.

Neem die voorreg om deur die Beste Raadsman “berading” te kry. Die waarheid is dat geen twee situasies presies dieselfde is nie; nietemin, Sy Woord is van toepassing op almal. “Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy is die Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid moed gee. In elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons ook ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig.” 2 Kor. 1:3-4.

Soek Sy Woord, nadat jy gebid het. “Vra en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word.” Matt. 7:7. “As een van jule wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyte. Maar ‘n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos ‘n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word. So ‘n mens wat altyd aan die twyfel is en enbestendig in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie.” Jak. 1:5-8.

Jy moet geloof hê! En waar kry jy geloof? Van God! Vra Hom vir geloof aangesien “Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo.” Jak. 1:17

God se woord, Sy beginsels

Beminde, of jy die Bybel goed ken en of jy dit nooit vantevore gelees het nie, die Bybel ALLEEN moet jou gids wees om jou huwelik te herstel. Die boek wat jy lees bevat al die verse wat die Here gebruik het om ander te lei, wie nou herstelde huwelike het, deur die vure van beproewings tot herstel.

Die Here sal jou begin wys, deur die Skriftuur in hierdie boek, hoe jy die beginsels van die huwelik oortree het, en Hy sal jou ook ander sondes wys waarvan jy onbewus is of nooit mee afgereken het nie (deur berou te hê van hulle). Al hierdie sondes en oortredings het tot die verwoesting van jou huwelik gelei.

Dit is dieselfde met ALMAL wat hulle huwelike in gemors of heeltemal verwoes vind. Jy sal gou vind, as jy nog nie daarvan bewus is nie, dat dit NIE net jou vrou is wie God se beginsels oortree het deur jou te verlaat nie, ontrou te wees of egskeiding aanhanig te maak nie. Jy sal vind, soos ander wie nou herstelde huwelike het, dat jy baie gedoen het om by te dra tot die verwoesting van jou huwelik. Hierdie verstandhouding sal die keerpunt wees soos wat jy jou sondes aanvaar en na hulle kyk, nie jou vrou sin nie.

Die wysheid wat jy sal leer deur die verse van die Skrif te lees en te herlees wat die Here vir jou in hierdie boek het sal jou help om te verstaan wat die Bybel regtig is en wat jy nodig het vir dit om te wees in jou lewe – jou gids.

Die Bybel is gevul met die geestelike wette van Sy skepping. Toe God die wêreld geskep het, het Hy nie net fisiese wette, soos die wet van swaartekrag gemaak nie, maar Hy het ook geestelike wette geskep. Net soos om die fisiese wet van swaartekrag te oortree sal veroorsaak dat jy struikel of ‘n voorwerp wat val, so sal om die beginsels van die Skrif te oortree in verband met die huwelik veroorsaak dat jou huwelik val.

Nog ‘n ongelooflike ontdekking is dat die weë van die wêreld amper altyd die teenoorgestelde weë van God en Sy woord is. Die manier waarop jy afreken met jou vrou wat jou verlaat het, haar onbetroubaarheid of die egskeidings papiere wat sy op jou gedien het, is heelwaarskynlik dieselfde manier waarop enigene in die wêreld met hulle sou afreken. Wat jy in hierdie boek vind is dat dit die TEENOORGESTELDE manier is wat God

bedoel het beproewings mee afgereken moet word sodat die oorwinning behaal kan word. “En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het — is deur ons geloof.” 1 Johannes 5:4.

Wanneer jy kies om God se weë te volg, wat die teenoorgestelde is van die manier wat almal anders dit doen of jou vertel om dit te doen, dan sal jy altyd begin sien dat jou huwelik omdraai. Die weë van die wêreld eindig ALTYD op in verwoesting, maar die weë van God bring ALTYD genesing en herstel te wee. “Wie op die akker van sy sondige natuur saai, sal van die sondige natuur dood en verderf oes. Maar wie op die akker van die Gees saai, die ewige lewe oes.” Gal. 6:8.

Ons het ‘n vinnige verwysing in hierdie hoofstuk bymekaar gesit om jou te help om jou huwelik ONMIDDELLIK uit krisis uit te kry. Hierdie beginsels, as dit gevolg word tot op die punt met ‘n opregte en nederige hart, sal die gevolg hê van ‘n onmiddellike of toekomstige herstel van jou huwelik. God se woord WAARBORG dit!!

Hoe meer ‘n man hierdie beginsels volg, hoe meer herstel sal hy sien as ‘n direkte resultaat van sy gehoorsaamheid. Die wat in krisis bly, of wie nooit hulle huwelik herstel sien nie, is die wat weier om te glo en die geestelike wette van God te gehoorsaam of verkeerdelik glo dat hulle bo die wette van God is.

As jy een van die is wie sterk glo dat jy nie “aan die wet onderworpe” is nie en is daarom vry om God se wette te oortree, “mag dit nooit wees nie!”

“Wat beteken dit? Kan ons nou maar sonde doen omdat ons nie onder die wet van Moses staan nie maar onder die genade? **Beslis nie.**” Rom. 6:15.

“Hef ons dan deur die geloof die wet op? **Beslis nie.** Ons laat die wet juis tot reg kom.” Rom. 3:31.

“**Beslis nie.** Hoe kan ons wat dood is vir die sonde, nog daarin voortlewe?” Rom. 6:2.

Die wat die wet van swaartekrag verstaan het geleer om bo dit te styg, en die resultaat was dat 'n man in staat was om te vlieg. Die Christen wat die Woord van God studeer sal bo die wêreld styg en die ongelowige verbaas wie dan God sal nastreef. Nietemin, 'n persoon wie glo hy is bo die wet van swaartekrag, en verbreek die wet deur uit 'n vliegtuig te spring sonder 'n valskerm, sal tot sy dood val. Dit is waarom so baie Christene lewens vol verwoesting leef.

Glo en gehoorsaam

As jy soos baie mans is wie hulle huwelike wil herstel, moet jy nie net glo dat God jou huwelik kan herstel nie, maar jy moet ook Sy Woord gehoorsaam. Is jy desperaat – desperaat om God se Woord te volg maak nie saak wat dit kos nie? Maak nie saak hoeveel dit seermaak nie? Die vraag wat jy jouself moet vra is “Hoe belangrik is dit om my huwelik te red, my familie, my toekoms?”

Iets ontvang. As jy nie God met ywerige gehoorsaamheid gehoorsaam nie, moet jy niks van Hom verwag nie omdat jy onbestendig is. “So 'n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig in al sy doen en late, moet nie dink dat hy **iets** van die Here sal **ontvang** nie.” Jak. 1:7-8. “Ek haat huigelary, maar u wet het ek lief.” Ps. 119:113.

Geloof deur my dade. As jy sê jy het die geloof om op God te vertrou vir jou huwelik, dan “tree op” daarop. “Wat *help dit*, my broers, as iemand beweer dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie? Kan so 'n geloof 'n mens red?... Maar iemand kan miskien sê: ‘Die een het die geloof en die ander die dade. Goed, wys dan vir my jou geloof wat sonder dade is, en ek sal jou my geloof wys **uit my dade**.’” Jak. 2:14, 18. Daar is so baie getuienisse van die wat kies om te “glo” in plaas van om te gehoorsaam. Elkeen van hulle “glo” nog steeds vir sy huwelik, maar nie EEN is herstel nie!

Haal hom uit en gooi hom van jou af weg. Weer, hoe belangrik is jou begeerte om 'n herstelde huwelik te hê? Is jy desperaat genoeg om te doen “wat ook al dit vat” om dit te red? As jy nie glo dat God ons tot daardie gehoorsaamheid roep nie, kyk wat sê Jesus in Matt. 5:29-30. “As jou regteroog jou laat struikel, **haal hom uit en gooi hom van jou af weg**; want dit is vir jou beter dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele

liggaam in die hel gegooi word. Of as jou regterhand jou laat struikel, kap hom af en gooi hom van jou af weg; want dit is vir jou beter dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in die hel beland.”

Deur die hele hoofstuk van Matteus 5, roep Jesus ons tot ‘n hoër gehoorsaamheid as wat in die Ou Testament gekryf is. Lees dit om jouself te motiveer om te gehoorsaam tot op die punt om fanaties te lyk. As wat jy nou doen nie gek vir ander lyk nie, moet jy meer radikaal in jou toewyding tot jou huwelik word, want dit is wat dit vat!

Ons moet almal soos Petrus wees in ons gehoorsaamheid. Elke keer wat hy gevra was om iets te doen, soos om Jesus toe te laat om sy voete te was, het hy oorboord gegaan! Hy het selfs oorboord gegaan toe Jesus hom gevra het om uit die boot te klim. Hy was die enigste een wie Jesus met ywerige toewyding gevolg het. Selfs so, Jesus het hom berispe vir sy klein geloof. Is jy louwarm? “Maar nou, **omdat julle lou is**, nie warm nie en ook nie koud nie, gaan Ek julle uit my mond uitspoeg.” Open. 3:16.

Vertrou en glo dat God in staat is en jou huwelik wil herstel en herbou, jou huwelik, en jou familie. God het nie ‘n ander persoon daar buite vir jou nie, nog minder dink Hy dat jy die verkeerde persoon gekies het. “... onberispelik van gedrag wees, **hy moet aan SY vrou getrou wees**, en sy kinders moet gelowig wees en nie die naam hê dat hulle losbandig lewe en teen gesag in opstand kom nie.” Titus 1:6.

As jy dink aan hertrou, moet jy dit weet; daardie tweede huwelik het **minder as 20%** kans van oorlewing! Jy sal ‘n 8 uit 10 kans hê om deur nog ‘n pynlike egskeding te gaan! Dan is dit aan na nommer drie en vier. Stop nou by watookal nommer jy op is. Daar is ‘n beter manier!

Eerder, “Vertrou op die Here! Wees sterk en hou goeie moed! Ja, vertrou op die Here!” Ps. 27:14, Ps. 31:24, Jes. 35:4. “Help U ons tot teen die vyand, want die hulp van mense - dit is niks. Met God aan ons kant sal ons oorwin, Hy self sal ons vyande vertrap.” Ps. 60:11, Ps. 108:12 (Lees asseblief hoofstuk 11, “En Hulle Sal Een Word” vir meer kennis.)

Moet nie na ander hardloop oor jou situasie nie; praat met God; soek Sy Woord vir jou antwoorde. “Soek en julle sal kry.” Matt. 7:7, Lukas 11:9. “Hy sal genoem word Wonderbare Raadsman.” Jes. 9:6. “Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie.” Ps. 1:1. Moet nie ander van jou situasie vertel nie: “Laat daar geen skindertong in die land wees nie.” Ps. 140:12.

Ook, “op grond van jou eie woorde sal jy vrygespreek of veroordeel word.” Matt. 12:37. “Iemand wat skinder, bring verwydering tussen vriende.” Spr. 16:28, Spr. 17:9 (Sien Hoofstuk 7, “Dolksteke” vir meer kennis oor die verwoesting wat ons tonge kan veroorsaak. Sulke kennis is nie opsioneel nie maar noodsaaklik: “My volk gaan onder omdat hulle nie aan my toegewy is nie.” Hos. 4:6.)

Vra God vir ‘n **manlike** gebeds vennoot wie met jou in God sal glo vir jou huwelik. Ons moedig jou aan om by ons Herstel Fellowship aan te sluit as jy ‘n Internet konneksie het. Ons sal jou op paar met ‘n Bemoedigende Vennoot wie jou sal aanmoedig, vir jou sal bid en jou help om aanspreeklik te bly vir die beginsels om jou huwelik te herstel.

Bly weg van enkel groepe!! Jy hoort NIE daar nie as jy ‘n begeerte het om jou huwelik te herstel nie! Bly weg van “ondersteunings groepe” wat gewoonlik niks anders is as “jammer partytjies.” As jy ‘n herstelde huwelik wil hê, moet nie ‘n egskeiding herstel groep bywoon wat jou sal aanmoedig om aan te beweeg nie. Jy moet nou kies of jy hoop of sluiting met jou huwelik wil hê.

In plaas daarvan om by ‘n groep in jou kerk of gemeenskap aan te sluit, beveel ons sterk aan dat jy bid oor om by ons lidmaatskap aan te sluit waar jy ‘n vennoot sal kry. Vir meer informasie, besoek ons webwerf by www.MarriageHelpOnLine.com.

Stop ALLE argumente of verbale gesukkel met jou vrou! Hierdie een beginsel sal ‘n beslissende faktor wees of jou huwelik herstel sal wees. Daar is so baie Skrifuur oor hierdie onderwerp, bladsye en bladsye wat ons vir jou kan uittik. Hier is net ‘n paar: “kom *betyds* tot ‘n **skikking!**” Matt. 5:25, Afr 83. “‘n Sagte antwoord laat woede bedaar; ‘n krenkende woord laat woede ontvlam.” Spr. 15:1. “Om rusie te begin, is om ‘n damwal te breek; staak liever die getwis voor die vloed jou tref.” Spr. 17:14. “As ‘n dwaas

nie praat nie, kan selfs hy aangesien word vir ‘n wyse, en as hy sy mond toehou, vir ‘n verstandige mens.” Spr. 17:28.

“Dit is eerbaar om ‘n rusie te vermy; enige **dwaas** kan ‘n rusie begin.” Spr. 20:3 En, “Die selfsugtige mens lewe net vir homself, hy verwerp alle oolegpleging.” Spr. 18:1. Is jy ‘n woedende man? (Sien Hoofstuk 6, “Die kwaai man” en Hoofstuk 9, “Geseënd Is die Sagmoediges” vir meer kennis.)

Verwyder die haat of seerkry; probeer dan om liefdevol in jou vrou se oë te kyk. “Dié wat swaar kry, sien op na Hom en straal van blydschap, hulle word nie teleurgestel in hulle verwagting nie.” Ps. 34:6. “Wie hoogmoedig is, sal verneder word, en wie nederig is, sal verhoog word.” Matt. 23:12, Lukas 14:11, Lukas 18:14. Petrus het gevra hoeveel keer moet hy sy broer vergewe wie teen hom gesondig het. “Sewe keer” het hy voorgestel. Jesus antwoord hom: “Ek sê vir jou, nie sewe keer nie maar selfs sewentig maal sewe keer.” Dit is 490 keer! (Matt. 18:22) Het jy besluit om **nie** jou vrou te **vergewe** nie (of die man by wie sy betrokke is) vir wat sy of (hy) aan jou of jou kinders gedoen het? Die tekort aan vergiffenis is baie gevaarlik vir jou en die toekoms van jou huwelik. (Vir meer kennis lees Hoofstuk 9 “Geseënd is die sagmoediges” onder die afdeling “Vergiffenis.”) As jy moeilikheid het om te vergewe, kry ons getuïenis band. Dit is ‘n kragtige voorbeeld van hoe God jou die vergiffenis sal “gee” wat jou vrou desperaat nodig het soos wat jy toegewend is vir Hom!

Jy moet begin om jou vrou te sien soos wat God haar sien. Bid vir jou vrou. Jy moet haar eers vergewe en enigiemand wat by haar betrokke is (vriende, familie, mede-wekers en selfs die ander man). (Weer, sien Hoofstuk 9, “Geseënd is die sagmoediges” onder die afdeling “Vergiffenis” oor die gevare om **nie** te vergewe nie.) Dan sal jy gereed wees om te bid vir die vrou wat God wil hê jou vrou moet wees. (Neem ‘n oomblik om die ongelooflike getuïenis “My Vrou is ‘n Nuwe Vrou” op ons webwerf of in ons boek *Deur die Woord Van Hulle Getuïenis!* te lees om te sien wat ware vergiffenis sal doen om jou huwelik om te draai en jou vrou huis toe te bring.) Hou op om na die slegte dinge te kyk wat sy besig is om te doen.

Vervang dit met om God te vra om jou te wys hoe JY die een is wat foutief is aangesien jy is of behoort die hoof van jou huis te wees, die geestelike leier, en daarom die een heeltemal verantwoordelik vir waar jou vrou is en wat sy gedoen het. (Weereens neem ‘n oomblik en lees die ongelooflike

getuienis “My Vrou is ‘n Nuwe Vrou” op ons webwerf of in ons boek *God Beweeg!* om te sien hoe om die hele blaam vir jou situasie te neem jou vrou sal vrymaak om terug te kom na jou toe!!)

As jou vrou jou verlaat het nie, moet haar nie skakel nie! **Maar** as *jy* jou vrou verlaat het of haar jou huis maak verlaat het, **moet jy haar skakel** en vra om vergiffenis. Hierdie punt is krities! Hoe langer jy wag hoe groter die moontlikheid van owerspel, as dit nie alreeds plaasgevind het nie. (Lees asseblief die getuienisse op ons webwerf wat bewys voorsien van hoe hierdie einste beginsels in die lewens van die mans en vrouens wat hulle gevolg het gewerk het.)

Sodra jy berou aan jou vrou betoon het, **MOET NIE** aanhou berou en die HELE blaam vir die situasie neem nie. Dit kan teenproduktief wees. Ook, of jou vrou jou verskoning aanvaar of nie is nie die saak nie. Jy doen dit uit nederigheid en gehoorsaamheid aan God, niks meer nie.

Praat vriendelik en liefdevol met jou vrou wanneer jy die geleentheid het om met haar te praat. “Aangename woorde is heuning, soet en geneeskragtig vir die mens.” Spr. 16:24. “‘n Vrolike mens is ‘n gesonde mens, ‘n neerslagtige mens raak uitgeput.” Spr. 17:22, Spr. 18:14. **Jy hoef nie vreugdevol te wees oor jou situasie nie; wees net vreugdevol dat God dit onder Sy beheer het.** “Wanneer ons *getug* word, lyk die tug op daardie oomblik nie na iets om oor bly te wees nie, maar om oor te huil. Later lewer dit egter vir dié wat daardeur gevorm is, ‘n goeie vrug: vrede omdat hulle gehoorsaam is aan die wil van God.” Hebr. 12:11.

Moet nie luister na ‘n geskinder of enigiemand wat probeer om vir jou slegte verslae oor jou vrou te wil gee nie. “Die liefde bedek alles, *glo alles*, hoop alles, verdra alles. Die liefde vergaan nooit.” 1 Kor. 13:7. Miskien sê jou vrou sy is nie by enigiemand betrokke nie, tog **WEET** jy sy is. Nietemin, jy moet haar glo. Moet nie haar woord bevraagteken of twyfel nie. Jy is nie onnosel of naief nie; jy druk onvoorwaardelike of agape liefde uit.

Somtyds is dit jou familie of jou intieme vriende wat probeer om jou te oorreed om egskeiding na te jaag of jou vrou te kasty vir al die goed wat sy gedoen het of besig is om te doen. Jy moet jouself afsonder van die wat poog om jou van God af te lei deur jou vlees en emosies te voed. “Vermyn ‘n dwase mens; jy sal nie by hom leer om verstandig te praat nie.” Spr. 14:7.

“Iemand wat loop en skinder, lap geheime uit; bly weg van iemand wat baie praat.” Spr. 20:19. As jy jou vrou beskinder, sal ander ook jou vrou beskinder! “Wie sy naaste beskinder, wil ek uitwis.” Ps. 101:5.

Omdat jy baie advies sal kry wat teenstrydig is met die wil en die Woord van God, moet nie jou stuasie met enigiemand deel nie! Uitermatig sal dit woede en selfbejammering in jou laat oprys! Hierdie emosies is die vlees en sal oorlog voer teen die gees. God sê in Gal. 5:17, “Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie.”

Luister, bespreek of om berading te soek vir jou situasie sal ook verwarring bring aangesien meeste christene NIE regtig die Woord van God KEN nie en selfs pastore mag advies teenstrydig met God se Woord gee! Tensy hulle “op dieselfde water geloop het” mag hulle God se beginels verontagsaam of minimaliseer wanneer jy desperaat die hele **onkompromiseerde** Woord van God nodig het om jou huwelik te red!

Moet NIE probeer uitvind waarmee jou vrou besig is nie. As jy wel vermoed dat daar iemand anders is, of jy WEET dat daar iemand anders is by wie sy betrokke is, doen dan wat God sê “Hou jou oë op die pad vorentoe, kyk reg voor jou uit.” Spr. 4:25. “Moenie bang wees dat ‘n ramp jou skielik sal oorval, dat die storm wat vir slegte mense bedoel is, jou sal tref nie, want die Here sal jou beskerm, Hy sal sorg dat jy nie in ‘n strik beland nie.” Spr. 3:25-26. En weer onthou, liefde “GLO alles.” 1 Kor. 13:7.

Moet NIE jou vrou of die ander betrokke konfronteer nie! Dit is ‘n net wat Satan gelos het. So baie mans en vrouens val in hierdie slagkat keer op keer. Passop! Jy mag dalk jou vlees bevredig maar die nagevolge sal jou en enige gevoelens wat jou vrou dalk nog vir jou mag hê vernietig. Moet nie met die AM oor die telefoon of in persoon praat nie.

So dikwels dink mans foutief dat hulle hulle vrouens moet konfronteer omdat sy behoort nie daarmee weg te kom nie of behoort te “weet dat ek weet.” ALMAL wat hulle vrouens of mans gekonfronteer het, uit onkunde of deur hierdie boek te ignoreer of hierdie persoonlike waarskuwing, het vir ons geskryf om te sê hoe spyt hulle is! Hulle het ALMAL gedeel dat dit BAIE aaklike nagevolge gedra het! Moet asseblief nie soos Adam wees wie

vooruit gegaan het en gedoen het wat hy geweet het hy nie behoort te gedoen het nie!

Sodra die sonde uit in die ope is sal dit voor jou gesig gepronk word, en jy sal die voordeel wat God jou gegee het verloor. Jy moet onthou, “Liefde **glo** alles.” 1 Kor. 13:7.

Jy moet ook ten alle tye onthou dit is ‘n “geestelike” oorlog. Soos in alle oorloë, is dit dwaas en gevaarlik om die vyand te laat weet wat jy weet. Geen stryd in die Bybel was ooit gewen deur binne-inligting van die Here te openbaar nie! Nog minder sê die Bybel vir ons om enige bewegings te openbaar. Eerder, waarsku dit ons om dit as ‘n geestelike oorlog te baklei! 1 Tim. 1:18 sê “stry die goeie stryd.” “Ons voer nie stryd met menslike wapens nie.” 2 Kor. 10:3. Ons word gesê “Wees nugter [wat letterlik bedoel WORD WAKKER], wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos ‘n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind.” 1 Pet. 5:8.

Jou vrou, en ander, werk saam die duiwel, as slawe, om jou huwelik, toekoms en kinders te vernietig. “Julle weet tog: as julle aan iemand onderwerp om hom as **slawe** te gehoorsaam, is julle die slawe van dié een aan wie julle gehoorsaam is. As dit **sonde** is, **beteken dit vir julle die dood**; as dit gehoorsaamheid aan God is, beteken dit vryspraak en die lewe.” Rom. 6:16. Om hierdie oorlog te wen, moet JY ‘n slaaf van geregtigheid wees — daarom MOET haar NIE konfronteer oor haar sonde of wat jy weet nie!!

Moet NIE probeer uitvind waar jou vrou is nie as sy nie haar ligging vir jou gegee het nie! Dit is God se beskerming vir jou! Wees rustig; wees stil. Gaan in jou gebedshoekie en begin om die stryd deur gebed, op jou knieë voor die Here te veg. God kan jou vrou se hart verander, maar jy sal dit verhard as jy openlik wantroue, vermoede en jaloesie openbaar. “Die wil van die koning staan onder die gesag van die HERE; soos ‘n stroom water lei Hy dit soos Hy verkies.” Spr.21:1. Die ander man sal dan voorkom om die een te wees wat sy wil hê, nie jy nie! Elke vrou sal hardloop tot die verdediging van die man by wie sy betrokke is wanneer haar man die AM verbaal (of fisies) aanval. Neem beheer van jou emosies.

‘n Vrou sal NIE reageer op ‘n man wie kwaad is of een wat vroulik is en huil nie. Jy moet nederig, vriendelik, en lifdevol wees EN algehele beheer oor jou emosies hê. Daarna, wanneer jy alleen is, kan jy met jou gevoelens

afreken. Maar in haar teenwoordigheid, moet nie ongunstige emosies toon nie.

Moet nie in ENIGE besluit oorhaastig optree nie. Op hierdie oomblik dink jy nie reguit nie en tree jy verseker op op emosies eerder as wysheid. “oorhaastigheid bring foute.” Spr. 19:2. “n Verstandige mens oorweeg elke tree wat hy gee.” Spr. 14:15. “Daar is ‘n lewenswyse wat vir ‘n mens reg kan lyk, maar die uiteinde daarvan is die dood.” Spr. 16:25 en Spr. 14:12. “Jy sien self: vir die man wat praat sonder om eers te dink, is daar minder hoop as vir ‘n dwaas.” Spr. 29:20.

“Mense kan loot, maar die Here bepaal hoe dit uitkom.” Spr. 16:33. “Wie wysheid het, is versigtig en vermy die kwaad.” Spr. 14:16. Moet nie haastig wees om veranderinge aan te bring soos om ‘n “besoek skedule” op te stel nie. Moet nie vinnig wees om te hardloop om ‘n egskeiding te kry nie. God sê, “Hy haat egskeiding.” Mal. 2:16. Moet nie trek of jou huis verlaat nie: “Soos ‘n voël wat sy nes net so los, so is ‘n man wat sy gesin in die steek laat.” Spr. 27:8.

Het jy met jou vrou gepraat oor jou behoeftes, jou bekommernisse of jou probleme – net sodat sy jou verwerp? Memoriseer hierdie Skrifuur: “En my **God** sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus.” Fil. 4:19. “As ek darem nie gegelo het dat ek die goedheid van die Here sal sien in die land van die lewendes nie...! Vertrou op die Here! Wees sterk en hou goeie moed! Ja vertrou *op die Here.*” Ps. 27:13.

‘n Man moet selfversekerd wees as hy sy vrou terug na hom toe wil wen. Dit is nie trots nie, want dit moet in nederigheid gedoen word. As jou vrou jou verlaat het dan was jou huis uit orde. Maak seker jy kry die mans se handleiding *‘n Wyse man* om te leer hoe die huis ontwerp was om te wees.

“As die Here tevrede is met ‘n mens se lewe, laat Hy selfs so ‘n mens se vyande in vrede met hom lewe.” Spr. 16:7. In plaas daarvan om te probeer om jou vrou te oorreed om terug te kom na jou toe, neem hierdie geleentheid om jou vrou te bedank en te loof vir hoe sy vir jou, jou kinders en jou huis versorg het in die verlede. Dit is God se manier; dit word voldaanheid genoem.

Deel van jou probleem mag jou vrou se loopbaan buite die huis wees. Alhoewel God sê om te wag, mag jy vorentoe beweeg het en goed op krediet gekoop het of na 'n groter huis getrek het en dan geglo het dat jou vrou “nodig gehad het om te gaan werk.” Toe **staan** jou huis **leeg** terwyl jou vrou gewerk het, en jou kinders was in dagsorg. Satan is 'n dief!

Binnkort mag jy die huis waarvoor jy so hard gewerk het verloor. Laat God toe om jou huis, jou familie en jou huwelik te red. (Lees asseblief Hoofstuk 8, “Sy Eie Huis Goed Regeer” in ‘n *Wyse man*.)

Het jy al ooit jou vrou aangemoedig of gesê om te loop? Ons by Herstel Bediening het te veel gesien wie hulle gades gevra het om te loop of wie die eerste was om die woord “egskeiding” in ‘n tyd van woede te noem. Wanneer jy slegte sade plant, moet nie verras wees as sy in owerspel opeindig nie. Woorde het meer krag as wat jy weet. “Dit sê Ek vir julle: Van elke ligsinnige woord wat die mense sê, sal julle rekenskap moet gee op die oordeelsdag.” Matt. 12:36.

Miskien wou jy hê sy moes loop as gevolg van alkohol, dwelms, argumente of onbetroubaarheid. Of miskien het jy net gevoel dat jy nie meer lief is vir die ander nie. Lees asseblief Hoofstuk 15, “Troos hulle” vir meer hulp. Wees bewus dat baie mans oorweeg vrouens wat uit hulle huise is as “enkel” al is hulle **nie**! Skeiding is die eerste stap na egskeiding. En egskeiding is ‘n lewens-veranderde fout.

Baie christene, onkundig van die verwoesting van skeiding, adviseer die met huweliks probleme om vir hulle vrouens wat ontrou is te sê om te loop of hulle nie toe te laat om terug te keer huis toe nie. Ouer mans, soos in Titus 2 verklaar, moet “**verkondig wat in ooreenstemming is met die gesonde leer...** om nugter te wees, eerbaar, verstandig, gesond en vas in geloof, liefde en volharding.” Titus 2:1-2.

Die skeiding waarvan gepraat is in 1 Kor. 7:5 moet met gesamentlike ooreenstemming EN vir die doel van vas en gebed gedoen word. Die vers bevestig dit: “as ‘n gelowige man met ‘n ongelowige vrou getroud is en sy gewillig is om by hom te bly, **moet hy nie van haar skei nie.**” 1 Kor. 7:12.

Deur ‘n besluit te maak om uit mekaar te gaan of te skei, sou jy gekies het om nie net jou lewe en jou vrou se lewe te vernietig nie, maar ook jou kinders se lewens en toekoms. Jou (toekoms) kleinkinders, jou ouers en al jou vriende sal ook die verpletterende nagevolge van hierdie selfsugtige, onkundige en dwase besluit voel.

Deur voor te stel dat jou vrou loop, het jy die eerste tree na egskeiding toe geneem. Is dit nie tyd om om te draai voordat dinge enigsins verder gaan nie? Die wêreld en Satan het jou oorreed dat hierdie skeiding of egskeiding dinge beter sal maak, maar **dit is ‘n leun!** As dit waar was, sou 8 uit 10 mense nie skei in daardie tweede of daaropvolgende huwelik nie. Weereens, is die Bybel duidelik: “As ‘n gelowige man met ‘n ongelowige vrou getroud is en sy gewillig is om by hom te bly, **moet hy nie van haar skei nie.**” 1 Kor. 7:12.

Nietemin, as jou vrou jou verlaat het, moet jy ophou om haar agterna te sit, haar te druk of selfs in haar pad te staan. Sy sal net harder probeer om weg te kom van jou af of na die bouse toe te hardloop. “Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van die goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie.” Ps. 1:1. Die enigste padblokade behoort “doringtakke” te wees.” Hosea 2:6. Jy behoort die boek van Hosea in jou Bybel te lees. Ons het ‘n gebed vir jou geskryf om te memoriseer gebaseer op die doringtakke. (Jy sal dit in Hoofstuk 16 vind, “Ek het vir ‘n man gesoek.”) Bid dit daaglik *vir* jou vrou.

Baie bedienings moedig “staners” aan om voor te gaan om die gade wie weg is met telefoon oproepe, kaarte, briewe en verklarings oor hulle “huweliksverbond” agterna te sit **DIT IS NIE SKRIFTUURLIK** nie en het veroorsaak dat baie “staners vir die res van hulle lewens word!” Die Bybel sê, “as die ongelowige egter wil skei, **laat hom skei.** In sulke gevalle is die gelowige man of vrou nie gebind nie. God het julle **geroep om in vrede te lewe.**” 1 Kor. 7:15. As jy nie wil laat gaan nie, sal wrywing voortgaan. “Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van die goddeloses volg nie, **nie met sondaars omgaan** en met ligsinniges saamspan nie.” Ps. 1:1, Afr 83. Jy moet jou vrou laat weet dat sy vry is om te loop (gebaseer op 1 Kor. 7:15). Dit sal veroorsaak dat sy ophou hardloop, die egskeiding agternasit of in ‘n ander huwelik inspring!

Maar ek is alreeds geskei. Dit is nooit te laat as ‘n egskeiding plaasgevind het nie. Baie “hertrou” hulle voormalige gades NADAT hulle geskei is. “Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.” Rom. 12:21. God het spesifiek vir Sy profeet Hosea gevra om sy vrou Gomer te hertrou selfs na sy blatant ontrou aan hom was. “Sy is nie meer my vrou nie, Ek is nie meer haar man nie.” Hosea 2:2. “Ek sal na my eie man toe teruggaan, want ek was by hom beter versorg as nou.” Hosea 2:7. “Die Here het vir my gesê: Gaan knoop weer ‘n liefdesverhouding aan met ‘n vrou wat vir ander mans lief is en egbreuk pleeg.” Hosea 3:1. God het die storie van Hosea en Gomer gebruik om Sy toewyding aan Sy eie bruid (die kerk) te wys een Sy sterk stand oor die huwelik.

Dit gee ook ‘n voorbeeld van hoe om jou vrou aan te lok deur die vriendelike en liefdevolle manier wat jy met haar praat. Maar, dit word gedoen NADAT sy weet sy is vry om te gaan. “Tog, sal ek weer begin om haar die hof te maak. Ek sal haar na die woestyn toe bring en mooi dinge vir haar sê.” Hosea 2:14.

Moet nie jou kinders toelaat om jou pyn of woede teenoor jou vrou te sien nie. Doen ALLES wat jy kan om jou kinders te beskerm van wat aangaan. Andersins sal hulle slegte gevoelens teenoor hulle moeder ontwikkel.

Moet nie jou vrou blameer vir wat gebeur het nie; neem eerder VOLLE verantwoordelikheid en vertel jou kinders waar die fout lê. Wees versigtig waar jy jou kinders se harte draai. Deur jou kinders se harte teen jou vrou te draai deur wat jy sê sal jou kinders vernietig en jou vrou se hart breek. Deur die vrou vir wie jy lief is seer te maak sal haar nooit huis toe bring nie. Eerder, wees lief vir haar deur haar op te bou in haar kinders se oë en bedek haar naaktheid anders sal jou kinders vervloek wees. “Gam, die pa van Kanaän, het gesien sy pa is kaal en het dit buite vir sy twee boers gaan **vertel**...toe sê hy: ‘**Vervloek** is Kanaän! ‘n Nikswerd slaaf sal hy wees, in diens van sy broers.’ Verder het het gesê: “**Prys** die **HERE**, die God van Sem! Kanaän moet Sem se slaaf wees.” Gen. 9:22, 25-26. Seën jou kinders met vriendelike, liefdevolle, vergewensgesinde en eerbare woorde.

Die Here het hierdie beproewings in jou en jou kinders se lewens toegelaat, vir 'n tydperk, om jou nader aan Hom te bring, Sy werk in almal van julle te bereik en julle dan weer saam te bring vir Sy glorie! Wanneer jou vrou nie in die omtrek is om te blameer nie, kan jy na jouself kyk en na Hom kyk om jou te verander! Wanneer jy Hom nastreef, sal jy nader aan Hom word; dan sal Hy jou meer in Sy beeld verander! “Dié wat swaar kry, sien op na Hom en straal van blydschap, hulle word nie teleurgestel in hulle verwagting nie.” Ps. 34:5.

Moet jou kinders nie toelaat om sleg van hulle moeder te praat nie. Jy moet respek vir hulle moeder eis (of hulle 5, 15 of 25 is!). “Eer jou vader en jou **moeder**.” Eksod. 20:12, Deut. 5:16, Markus 7:10. As jy sleg oor hulle moeder gepraat het, vra eers God om vergiffenis, volgende vra nederig om jou vrou se vergiffenis en laastens vra jou kinders om vergiffenis. “Wie sy sonde wegsteek, moet niks goed te wagt wees nie.” Spr. 28:13. Begin dan om haar op te bou in die kinders (en jou) oë. (Sien Hoofstuk 7, “Dolksteke” vir meer kennis.)

Onthou, jy sal moeilikheid hê met jou kinders wat jou eer as jy **jou** vrou oneer! 1 Pet. 3:7 sê vir ons, “Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. **Bewys eer aan hulle** as die swakker geslag wat saam met julle deel in die genadegawe. Dan sal julle kan *bid sonder dat iets julle hinder*.”

Moet jou kinders nie toelaat om onhebbelik te word nie. “'n Onverstandige seun is vir sy ouers 'n ergenis, hy is vir hulle 'n bitter verdriet.” Spr. 17:25. ‘n Kind wat sonder dissipline grootword, steek sy moeder in die skande.” Spr. 29:15. Moet jouself nie hartseer veroorsaak of veroorsaak dat jou vrou bitter word of haar in die skande steek nie. In plaas daarvan om jou kinders toe te laat om uiting te gee aan hulle woede, gebruik hierdie tyd om hulle te leer om te vergewe en te bid vir hulle moeder.

Wanneer die woede weg is, sal die pyn gevoel word; leer hulle dan om op God se troos staat te maak. Hierdie vers het my (toe) fyf -jarige gehelp toe hy dit memoriseer het: “Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.” Hebr. 13:5. Jou kinders is nou verward, so gee hulle duidelike instruksies. (Sien Les 15, “Onderrig Wat Jou Vader Jou Gee” in ‘n *Wysse man* vir meer kennis.) Weer, jy sal moeilikheid hê om dit af te dwing as **jy** ‘n tekort aan beheer vir jou woede uitbeeld.

Wees versigtig om nie die “maklikste” pad te kies nie. Dit mag *lyk* soos die maklikste pad, maar op die ou einde is dit die pad na selfs meer droefheid, beproewings, moeilikhede en hartseer as wat jy nou ervaar. Ons, wie deur moeilike huwelike, skeiding en/of egskeiding is, wil jou waarsku teen enige idees, boeke of ander mense wat jou sal swaai om die pad van die wêreld te gaan, wat **ALTYD** in ‘n ramp opeindig! As die wêreld dit onderskryf, as Christene weet ons dit is die wye pad na verwoesting.

Nou is die pad wat na die lewe lei, en dié wat dit kry is min! “Gaan deur die nou poort in. Die poort wat na die verderf lei, is wyd en die pad daarheen breed, en dié wat daardeur ingaan, is baie. Maar die poort wat na die lewe lei, is nou en die pad daarheen smal, en dié wat dit kry, is min.” Matt. 7:13-14. Jy moet uitkyk vir daardie nou pad in al jou besluite, in die manier wat jy met ander praat, en op die manier wat jy die beproewings hanteer wat jou kant toe SAL kom nou en in die toekoms.

Wees asseblief versigtig wat jy lees. Die boeke wat se grondslag in filosofie is of die geskryf deur sielkundiges of huweliks beraders kan jou gedagtes met vernietigende gedagtes vul. Wees versigtig om boeke wat sulke onderwerpe soos “taai liefde,” “om jou huwelik op te kikker,” en “medeafhanklikheid” te lees. Ons het die skade gesien wat hierdie idees aan huwelike en die mans en vrouens wat na hulle gekyk het in hulle desperaatheid gedoen het. Eerder, hernu jou gedagtes met God se Woord. As jy op God se Woord mediteer, belowe God in Psalms 1 dat jy voorspoedig sal wees in alles wat jy doen!!

Kyk na God en na die wat “eendersdenkende” is om jou aan te moedig om in God te glo vir jou huwelik. Gaan asseblief na die Raadsman (God se Woord), wat gratis is, en spaar jou geld en jou huwelik. God wil jou vir Homself hê! Bly weg van die “professionele.” Elke professioneel het sy/haar maniere en oortuigings. Daar is duisende van beide christelike en sekulêre huweliks beraders en boeke oor huweliks oplossing. As hulle al die antwoorde geken het, waarom is daar ‘n epidemie van egskeiding, veral in die kerk?!!

Waar moet jy begin? Wat moet jy doen? Begin om jou gesloopte huis op die rots te skuif. “Elkeen dan wat hierdie woorde van My hoor en daarvolgens handel, kan vergelyk word met ‘n verstandige man wat sy huis op ‘n rots gebou het. Die stortreën het geval, vloedwaters het afgekom,

winde het teen daardie huis gewaai en daaraan geruk, en tog het dit nie ingestort nie, want die fondament was op die rots.” Matt. 7:24-25. “Daar is verstand nodig om ‘n huis te bou, insig om sy fundamente te lê, kennis om sy kamers te vul met allerhande kosbare en mooi goed.” Spr. 24:3.

Loof God in ALLE dinge. “Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God ‘n offer van lof bring, dié lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat sy Naam bely.” Hebr. 13:15. “Wees **altyd** bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!” Fil.4:4.

Leer hoe om regtig te bid. “Ek het iemand tussen hulle gesoek wat ‘n muur sou bou en vir die stad **in die bres** sou tree dat dit nie vernietig word nie, maar Ek het niemand gekry nie.” Eseg. 22:30. Om in die bres te tree beteken NIE om in jou vrou se pad te staan nie! Dit beteken om vir haar te bid soos jy vir jouself sou bid.

Neem elke gedagte gevangene. “En elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevangene om dit aan Christus gehoorsaam te maak.” 2 Kor. 10:5.

Begin om jou gedagtes te hernu om soos Christus sin te wees en om af na jou situasie te kyk soos wat God doen, van bo. Kry ‘n *Wyse man bou* en werk daardeur met ‘n vriend. Kry ‘n “Bybel Belofte Boek” van jou plaaslike christelike boekwinkel (baie goedkoop) en sit dit langs jou bed. Die verse sal ‘n plek van skuiling vir jou word soos wat jy oor Sy beloftes giet wanneer jy angstig begin word.

Kry 3x5 kaarte en skryf Bybel verse neer wat jy kan gebruik om jou gedagtes te hernu, om in die Gees te baklei (die swaard van die Gees is die Woord van God), of om na te hardloop wanneer jy ‘n aanval van vrees, twyfel of leuns ervaar. Hou hulle by jou en lees hulle oor en oor. Hou op om so baie aan jou problem te dink en te praat; luister na God en lees Sy Woord.

Soos wat ons gesê het, Psalms 1 gee vir jou ‘n belofte: “maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. Hy is soos ‘n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak.” Prakties gesproke, as jy hierdie boek lees en weer lees tot op die

punt waar jy dit verslyt of die tyd neem om 3x5 kaarte te maak met die verse wat jy nodig het, kan jy nie help as om op Sy Woord te mediteer nie. Amper elke man wat ek geken het wie 'n herstelde huwelik het het een of albei hierdie dinge gedoen.

GEEN huwelik is te ver weg nie! Jesus het reguit na hulle gekyk en gesê: “Vir mense is dit onmoontlik, maar vir God is alles moontlik.” Matt. 19:26. Onthou weer dat dit nie waar is dat jy *en* jou vrou, saam, hulp moet soek om die huwelik te verander. Ons het die goeie “vrugte” gesien van mans wie God gevra het om hulle vrouens se harte te verander, om aan hulle te werk, en God was getrou. (Sien “vrugte,” Matt. 7:16, 20.)

“Waarom sien jy die splinter raak wat in jou broer se oog is, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie? Of hoe kan jy vir jou broer sê: ‘Wag, laat ek die splinter uit jou oog uithaal,’ en intussen is daar ‘n balk in jou eie oog? Huigelaar! Haal eers die balk uit jou eie oog uit, dan sal jy goed kan sien om die splinter uit jou broer se oog te haal.” Matt. 7:3, Lukas 6:41. Ons bid dieselfde vir jou: dat jy duidelik sal sien hoe om jou vrou regtig te help deur ‘n goddelike man te wees wie sagmoedig, tog moedig in gees is, wie sy vrou uitlok met vriendelike en liefdevolle woorde.

Hoe lank? Baie mans het ons gevra “hoe lank” hulle vrouens weg sal wees of “hoe lank” hulle beproewing sal duur. Dit mag jou help om daaraan te dink as ‘n reis. Hoe lank dit neem hang dikwels van jou af. As die Here jou die area wys waaraan Hy werk “werk saam Hom.” Moet nie gesyspoor word deur werk of die alledaagse lewe nie. Satan sal die “sorge van die wêreld” inbring om die Woord uit jou uit te wurg. Hy sal ook situasies, noodgevallen en ander krisisse bring wat jou aandag van jou bestemming sal herlei — jou herstelde familie!

Te dikwels lyk dit asof ons reis “tot stilstand gekom het.” Neem net die volgende stap van gehoorsaamheid. Wanneer jy afgerem raak met die “wag,” moet nie moed verloor nie. Dit is die tyd wat ons Here gebruik om ons geloof te rek en te fokus op Sy werk in ons lewens. Al wat vereis word is ons gehoorsaamheid, wat geestelike krag sal vrylaat om om ons onthalwe te werk. Dit is nie nodig dat God vir ons besonderhede gee van wat Hy besig is om te doen nie. Ons weet dat Hy Sy doel deur watookal gebeur sal werk selfs wanneer ons foute gemaak het. Ons moet glo dat Hy saam mense en situasies werk en die omstandighede vir Sy goed vir ons rangskik.

Daar is MEER hulp!

Nog ‘n boek wat jy behulpsaam sal vind in jou begeerte om jou huwelik te herstel in ons mans se handleiding ‘n *Wyse man*. Die boek is beskikbaar op ons webwerf om GRATIS te lees of te druk , of as jy verkies, kan dit bestel word in boekvorm op ons webwerf: **RestoreMinistries.net**.

Alhoewel ons nie meer vir mans minister nie, met die uitsluiting van ons twee boeke vir mans, kom ons bid nog steeds nou vir jou...

“Liewe Here, lei asseblief hierdie spesiale broer gedurende die moeilikheid in sy huwelik. Wanneer hy die regte koers velaat, sal hy agter hom ‘n stem hoor sê: “Hier is die pad, loop hierlangs.” (Jes. 30:21)

“Verseker hom asseblief wanneer hy dusiende langs hom sien val en tien duisend by hom; help hom om te weet dat as hy Jou volg, dit nie met hom sal gebeur nie.” (Ps. 91:7) Steek hom weg onder jou beskermende vlerke.

“Help hom om die nou pad te vind wat hom na die lewe sal lei, die oorvloedige lewe wat jy vir hom, sy vrou en vir sy familie het. Here, ek bid vir ‘n getuienis wanneer sy ontstelde of gebroke huwelik genees en herstel is sodat Jy dit kan gebruik vir Jou glorie! Ons sal Jou al die eer en die glorie gee. Amen.”

Oor die Skrywer

Erin Thiele is geseënd om die ma te wees van sewe: vier seuns, Dallas, Axel, Eaton, en Cooper, en drie dogters, Tyler, Tara, en Macy. Erin se herstel reis het in 1989 begin toe haar man haar gelos het vir ‘n ander vrou, en uiteindelik haar geskei het!

In haar desperaatheid as ‘n enkel moeder van vier klein kinders, het Erin om hulp gesoek. Al die “deskundiges” en talryke pastore van baie denominasies het dieselfde ding gesê en het hulle bes gedoen om Erin te probeer oorreed dat haar huwelik hopeloos was—maar toe, het haar lewe vir ewig verander.

Erin het die Wonderbare Raadsman en baie BELOFTES van Hom in Sy Woord gevind. Terwyl sy haar man se Bybel gelees het (wat hy agter gelaat het) het sy by een vers gekom wat haar lewe verander het en haar bediening om ander vrouens te help begin het:

“Want niks is onmoontlik vir God nie.” Lukas 1:37

Vir Erin het dit beteken, niks, NIE EEN DING, was onmoontlik VIR God. As ‘n man wat haar nie wou gehad het nie en wie gesê het hy is nie lief vir haar nie, kon *nie* moontlik terugkom nie, dan glo sy sou God so gesê het!

Dit het Erin se intensiewe bestudering in God se Woord begin, die Bybel, waar sy honderde MEER van Sy beloftes gevind het. Elke belofte het haar geloof in die Here vermeerder om haar huwelik te herstel. En it is toe sy vir God gesê het, “As jy dit vir my doen [my huwelik herstel] dan sal ek die res van my lewe spandeer om vir ander te vertel dat niks, NIE EEN DING, onmoontlik vir Jou is nie.”

Erin se twee-jaar reis het haar deur die “donker dieptes” geneem. Na haar man se verdwyning, en om uit te vind dat haar huis uitgeklaar is terwyl sy haar ouers in Florida besoek het, het haar man skeilik drie maande later te voorskyn gekom.

Erin se beproewings het vermeerder toe haar man sy meisie by hom laat intrek het, naby, sodat hy meer tyd met sy kinders kon spandeer. Elke aand, het Erin se man uitgeloopt, en haar weer en weer gelos, om terug te gaan na sy woonstel om met die ander vrou te slaap.

Tog, deur alles—om alleen gelaat te word as ‘n enkel moeder van vier baie jong kinders, met geen finansiële bystand nie, EN terwyl almal vir haar vertel het sy was gek om te glo dat God haar huwelik sou herstel—het sy voort gegaan om te glo.

Toe, net soos wat Erin geê het, almal was verkeerd en Hy was reg—niks is onmoontlik vir Hom nie! Net twee jaar nadat haar man weg is, het hy terug gekom en hulle huwelik was herstel!!

Erin se gewilligheid om op God te vertrou en *deur* donker dieptes met Hom te gaan het veroorsaak dat God haar bo enigiets wat enigiemand ooit kon dink seën. Hierdie reis het Erin gelei om ‘n skrywer te word, ‘n minister, EN selfs meer wonderlik, Erin was geseën met nog drie herstel babas (soos haar man hulle genoem het), haar drie jongste kinders.

Erin het baie ander boeke geskryf met haar kenmerkende styl om bybelverse te gebruik om die wat gebroke harte het en die geestelike gevangenis te bedien. Deur Erin se boeke en bediening het sy ontelbare vrouens gehelp (en selfs mans op hulle eie webwerf) om hulle huwelike te herstel—net soos wat God hare herstel het—“Hy het **sy woord** uitgestuur, dat Hy hulle kon gesond maak en hulle uit hulle kuile red.” (Ps. 107:20).

Ons bediening het baie meer hulpbronne vir vrouenn (en mans) om jou te hep ongeag die krisis waarin jy jouself bevind. Om al Erin se boeke te vind, besoek asseblief:

RMIEW.com

En as jy God wil sien in *jou* lewe en huwelik beweeg, kom na ons webwerf en oorweeg om ‘n lidmaat van Herstel Bediening te word.

Kyk wat is Ook Beskikbaar

op EncouragingBookstore.com & Amazon.com

Skandeer die kode hieronder na die beskikbare boeke vir mans.



Besoek asseblief ons Webwerwe waar jy ook hierdie boeke as GRATIS Kursusse vir beide mans en vroue sal vind.

Wil jy meer weet oor Herstel Gemeenskap?



**Restore Ministries
International**

POB 830

Ozark, MO 65721

USA

Vir meer hulp,
besoek ons by:

EncouragingMen.net

RMIEW.com